

# OP SOEK NA
## GOD SE BARMHARTIGHEID
### EN DIE ALGEMENE WELSYN

*Vastyd Oorpeinsings*

# INLEIDING

Vir baie van ons is dit duidelik dat ons land in 'n diep krisis verkeer. Hoe ons as Christene daarop reageer behoort altyd gebed en berou vir die vergifnis van ons sondes in te sluit. Dit is veral belangrik soos ons land gereedmaak vir die 2024 nasionale en provinsiale verkiesings.

Die Vastydseisoen bied ons 'n geleentheid vir gebed en berou, dit wat ander 'n geestelike voorbereiding op die verkiesings sou noem. Politieke partye en sekulêre mense het hul eie manier van voorbereiding vir die verkiesings. As gelowiges berei ons onsself geestelik voor.

Ons vra Katolieke en alle mense van goeie wil om deur gebed, vas en berou die genesing van ons nasie aan te help.

In hierdie boekie met Vastyd Oorpeinsings gee ons u 'n paar idee's wat u kan gebruik soos u deur gebed en berou vir die genesing van ons nasie werk, sowel as om uself geestelik voor te berei op die 2024 verkiesings.

Te midde van soveel ander dinge, benodig ons nasie genesing en verlossing van verskillende siektes, insluitend gierigheid en korrupsie, selfsug en 'n tekort aan enige sin van verantwoordelikheid vir die algemene welsyn, geweld en sosiale trauma, die aanbidding van rykdom en politici, diep rasseskeiding en 'n vrees vir hulle wat van ons verskil.

Hierdie boekie bestaan uit vyf hoofstukke, wat op die vyf geestelike siektes fokus wat die siel van ons nasie aangetas het. Hierdie lys van nasionale siektes sluit beslis nie al ons sosiale kwale in nie. Ons nooi u uit om 'n bietjie na te dink oor ander geestelike siektes waarvan ons land verlos en genees behoort te word.

Die doel van hierdie geestelike voorbereiding op die verkiesings is ook om ons aan te moedig om volgens ons eie gewete te stem, en nie volgens blinde lojaliteit aan 'n politieke party nie. Dit behoort ons aan te spoor om te stem vir dit wat goed is vir die hele nasie en nie net vir dit wat my en my politieke party gaan baat nie.

As ek God vra om ons nasie van al dié siektes te genees, maak dit mos net sin dat ek, wanneer ek volgens my gewete stem, nie vir politieke leiers en partye sal stem wat aan hierdie vyf siektes ly nie: politieke partye wat hul bes probeer om van aanspreeklikheid vir korrupsie en gierigheid te ontsnap, politieke partye wat net hul eie belange bevorder en dit ten koste van die welsyn van die hele nasie, populistiese politieke partye wat geweld, rasseskeiding en die irrasionele vrees vir mense wat anders as ons is aanhits.

Mag die Heilige Gees ons genees van dit wat gebroke is in ons harte, families en nasie sodat ons God se oproep kan beantwoord om 'n regverdiger, meer verenigde en meer vreedsame Suid-Afrikaanse nasie op te bou.

# FORMAAT VAN DIE VASTYD OORPEINSINGS

- Opening Gesang (Vastyd gesang)
- Openingsgebed (soos hieronder aangedui)
- Groepbespreking: Kyk na wat aan die gebeur is in ons land
- Groepbespreking: Kyk na wat aan die gang is in ons lewens en in ons harte
- Gewetensondersoek en my daad van berou vir hierdie week
- Spontane gebede
- Slotgebed (soos hieronder aangedui):

## OPENINGSGEBED (DIE GEBED VIR SUIDER-AFRIKA)

Barmhartige Vader, stuur u Gees uit op ons, die mense van Suider-Afrika. Laat ons opnuut die stem van Jesus Christus hoor, wat ons uitnooi om saam met Hom oor die onstuimige waters van ons tyd te loop: "Hou moed, dit is Ek. Moenie bang wees nie."
Bemagtig ons deur die genade van die Heilige Gees om troos aan die rusteloses te bring, hoop aan die wanhopiges, genesing aan slagoffers van geweld, en versoening waar verdeeldheid heers.
Mag die Heilige Gees ons families en gemeenskappe genees. Gee ons dapper leiers wat met integriteit die welsyn van die mense bo hul eie belange sal stel.

In die Naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees verbind ons onsself om moedig die waarheid te praat, regverdig op te tree in alles wat ons doen, met hulle in nood te deel en altyd en orals u gawe van die lewe te eerbiedig soos ons daarna strewe om die waardes van die Koninkryk in solidariteit met alle mense van goeie wil te verkondig. Amen

# SLOTGEBED

Here, ons die volk van Suid-Afrika,
dank en loof U vir u onuitputlike liefde en die genade van genesing en vrede wat U voortdurend aan ons as 'n nasie bied.
Ons bid U; soos ons gereedmaak vir die verkiesings in 2024, stuur ons u Heilige Gees om ons gewetens ooreenkomstig die Evangelie van Jesus Christ te vorm, sodat ons leiers mag kies wat die algemene welsyn van ons nasie nastreef en in hul harte ontsag vir U het.
Daarom dra ons die volgende smeekbede aan U op:
Dat ons nasie se stemgeregtigde jongmense hulle sal registreer en hulleself voorberei om in 2024 te stem. **Barmhartige God en Vader, laat u wil geskied!**
Dat al die beamptes en vrywilligers van die Onafhanklike Verkiesingskomitee eerlik sal wees in hul voorbereidingswerk en deeglik sal toesien dat alle prosedures volgens die IEC regulasies toegepas sal word. **Barmhartige God en Vader, laat u wil geskied!**
Dat die Suid-Afrikaanse Polisiediens goed voorbereid sal wees en sal toesien dat die wet en orde gehandhaaf word tydens die verkiesingsveldtogte en ook gedurende die tydperk van stemtellery. **Barmhartige God en Vader, laat u wil geskied!**
Dat alle media maatskappye en joernaliste hul verslaggewing en kommunikasie eerlik en in alle regverdigheid teenoor alle politieke partye sal verrig en seker maak dat daar geen haatspraak uitgesaai word nie. **Barmhartige God en Vader, laat u wil geskied!**
Dat die reg van stemgeregtigdes om hul stemme vrylik en vertroulik uit te bring deur al ons leiers en mense regoor die politieke spektrum eerbiedig sal word. **Barmhartige God en Vader, laat u wil geskied!**
Dat ons as 'n nasie die finale uitslag met dankbaarheid en in 'n gees van vrede sal aanvaar en daardeur erkenning sal gee aan die feit dat die stemmery en tellery vry, regverdig en eerlik was. **Barmhartige God en Vader, laat u wil geskied!**

Dat hulle wat in wanhoop, apatie en selfs haat en geweld verval het, berou sal hê oor dié sondes en vervul sal word met die gees van hoop en vrede. **Barmhartige God en Vader, laat u wil geskied!**
Dat hulle wat skuldig is aan gierigheid, omkopery en korrupsie berou sal hê vir dié sondes en vervul word met 'n gees van diensbaarheid en eerlikheid. **Barmhartige God en Vader, laat u wil geskied!**
Dat fluitjieblasers en almal wat uitpraat teen gierigheid en korrupsie deur ons gemeenskappe en leiers beskerm sal word.
Barmhartige God en Vader, laat u wil geskied!
Genees dit wat stukkend is in ons harte, families en gemeenskappe sodat ons u oproep kan beantwoord om 'n regverdiger, meer verenigde en meer vreedsame nasie van Suid-Afrika op te kan bou.
Ons bid dit deur Christus onse Here. Amen
Barmhartige God en Vader, laat u wil geskied!
St. Franciskus van Assisi. Bid vir ons.
Salige Benedict Daswa. Bid vir ons.

# TEMA 1
# Vra die Here om ons nasie te genees van die gees van gierigheid, omkopery en korrupsie

## OPENING GESANG (VASTYD GESANG)

## OPENINGSGEBED (BL 4)

## GROEPSBESPREKING: KYK NA WAT AAN DIE GEBEUR IS IN ONS LAND

Sommige mense sê hulle gaan nie in die komende verkiesing stem nie, want alle politici is korrup en stel net daarin belang om die politiek te gebruik om hulleself te verryk. Hoe reageer jy teenoor sulke mense?

Wat behoort gedoen te word om die probleem van korrupsie onder staatsamptenare en politici aan te spreek?

Bid julle as gesin, sodaliteit en parogie gereeld om God te vra om ons land te genees van die ingesteldheid van gierigheid, omkopery en korrupsie?

## GROEPSBESPREKING: KYK NA WAT AAN DIE GANG IS IN MY LEWE EN IN MY HART

(Jy kan twee of drie van die onderstaande aanhalings gebruik om wat in jou hart en lewe aan die gang is te oorpeins en daaroor na te dink. Vir elke aanhaling wat jy kies, moet jy jouself afvra: Op watter manier daag hierdie aanhaling my uit om berou te hê, my lewe te verander en terug te keer na God se barmhartigheid?)

"Soos ons kwaad raak oor die korrupsie van die politici, moet ons duidelik verstaan dat enige verandering by onsself moet begin. Op 'n persoonlike vlak en by ons werksplekke, moet ons weier om deel te neem aan enige korrupte praktyke." (Biskop Sithembele Sipuka, Korrupsie het die ander pandemie in Suid-Afrika geword, Daily Dispatch, 3 September 2020).

"Dit is goed om politici wat betrokke is by korrupsie aan te vat. Ons mag egter ook nie vergeet nie dat ons self ook aandadig is by korrupsie. Die einde van die kultuur van omkopery en korrupsie begin by jou en my" (Biskop Sithembele Sipuka, Korrupsie het die ander pandemie in Suid-Afrika geword, Daily Dispatch, 3 September 2020).
"Jy mag nie steel nie" (Sewende gebod)

"Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie. Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, ook nie sy slawe en slavinne, sy beeste en donkies nie – enigiets wat aan jou naaste behoort nie" (Tiende gebod)

"Korrupsie kom op verskillende maniere tot uiting: wanneer ons werkstyd waarvoor ons betaal word gebruik om "privaat wins" te maak is dit korrupsie; wanneer ons by die kantoor aankom, ons baadjie ophang en dan verdwyn om ons "private sake" te doen is dit korrupsie; selfs wanneer ons die werkstelefoon gebruik om familie en vriende te bel is dit korrupsie." (Biskop Sithembele Sipuka, Korrupsie het die ander pandemie in Suid-Afrika geword, Daily Dispatch, 3 September 2020).

## GEWETENSONDERSOEK EN MY DAAD VAN BEROU VIR HIERDIE WEEK

Wat kan ek in die lig van ons bogenoemde meedeling in die komende week as my daad van berou doen?

By die ondersoek van jou gewete kan jy ook eerlik daaroor nadink of jy by enige van die volgende dinge betrokke was:

- Betrokke by die aandring op omkoopgeld
- Betrokke by die betaling van omkoopgeld

- Die pleeg van bedrog
- Het ek op seksuele gunste aangedring by iemand wat vir ‘n werk of bevordering kom aansoek doen het.
- Het ek omkoopgeld gevra van iemand wat vir ‘n werk of vir bevordering kom aansoek doen het
- Het ek dinge of geld by my werkplek gesteel
- Het ek uit gierigheid met my familie baklei oor eiendom of ‘n erflating
- Probeer ek ten alle koste geld of rykdom verkry, selfs al beteken dit dat ek skelm moet wees.

## SPONTANE GEBEDE

Gee genoeg tyd aan diegene wat graag ‘n smeekbede namens die groep wil bid. Onse Vader … Wees gegroet Maria …

## SLOT GEBED (BL 4-5)

# TEMA 2
# Vra die Here om ons nasie te genees van die gees van nepotisme, die gees waardeur elkeen net sy eie belange en die van sy politieke party nastreef ten koste van die welsyn van die hele nasie

## OPENING GESANG (VASTYD GESANG)

## OPENINGSGEBED (BL 4)

## GROEPSBESPREKING: KYK NA WAT AAN DIE GEBEUR IS IN ONS LAND

Wat die politiek betref word die tekort aan besorgdheid vir die algemene welsyn duidelik wanneer politici net begaan is oor hul eie politieke loopbaan, hulle eie families en hulle politieke partye, en nie oor dit wat goed is vir die hele nasie nie. Wat kan gedoen word om dié soort optrede te verander?

Daar is 'n tekort aan besorgdheid vir die algemene welsyn wanneer politici en politieke partye alles in hul vermoë doen om rekenskap te vermy vir korrupsie, onbevoegdheid en die wanbestuur van staatsgelde.

Gedurende verkiesings word hierdie tekort aan besorgdheid vir die algemene welsyn duidelik wanneer mense uit blinde lojaliteit vir 'n spesifieke politieke party stem en nie op grond van wat die beste vir die hele nasie sal wees nie.

Hierdie tekort aan besorgdheid vir die algemene welsyn is sigbaar in

die volgende soort optredes: mense wat sommer rommel in on strate en gemeenskappe strooi, mense wat openbare infrastruktuur vernietig en vandaliseer, mense wat op geweldadige wyse protesteer en plunder.
Bid julle as gesin, sodaliteit en parogie gereeld om God te vra om ons land te genees van die ingesteldheid wat persoonlike belange ten koste van die groter welsyn van die hele nasie nastreef?

## GROEPBESPREKING: KYK NA WAT AAN DIE GANG IS IN MY LEWE EN IN MY HART

(Jy kan twee of drie van die onderstaande aanhalings gebruik om wat in jou hart en lewe aan die gang is te oorpeins en daaroor na te dink. Vir elke aanhaling wat jy kies, moet jy jouself afvra: Op watter manier daag hierdie aanhaling my uit om berou te hê, my lewe te verander en terug te keer na God se barmhartigheid?)

"Hy het vir hom gesê: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.' Dit is die belangrikste en die eerste gebod. En die tweede wat hieraan gelyk staan is, 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' " (Matteus 22:37-39)

Lees die Gelykenis van die Barmhartige Samaritaan (Lukas 10:25-37). Verbeel jouself dat jy elkeen van die karakters is: slagoffer, rower, priester, Leviet, Samaritaan, en die herbergier. Probeer jouself inleef in elkeen van die karakters se doelwitte, waardes en geestelike verbeelding. Tot watter mate stem jou eie karakter ooreen met dié van elkeen van hierdie karakters?
"Elke dag kom ons voor die keuse te staan of ons Barmhartige Samaritane of onverskillige bystanders moet wees" (Pous Franciskus, Fratelli Tutti, nr. 69)."
"In die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan is daar een detail omtrent die verbygangers wat uitstaan: hulle was almal godsdienstige mense, daaraan toegewy om God te aanbid: 'n priester en 'n Leviet. Hierdie detail moet nie misgekyk word nie. Dit wys ons dat geloof in God en die aanbidding van God nie genoeg is om te verseker dat God in ons manier van lewe 'n welbehae sal hê nie", (Pous Franciskus, Fratelli Tutti, nr . 74).

Wanneer ons met ons persoonlike probleme worstel is ons geneig om onsself af te sonder en terug te trek in ons eie pyn, maar so sal hoop nooit herstel kan word nie en sal daar geen vernuwing kan plaasvind nie. Die pad wat ons moet volg is om nader aan ander mense te beweeg; dit is 'n kultuur van ontmoeting (Pous Franciskus, Fratelli Tutti nr. 30).

Ons moet ontdek hoe belangrik dit is om tyd op ander mense te vermors. Dit behels veral ook hulle wat nie ons vriende en nie familie van ons is nie. Die gelykenis van die Barmhartige Samaritan handel oor die "verlate" reisiger wat beseerd langs die pad lê. Net een persoon het gestop en hom genader en op persoonlike wyse versorg; hy het sy eie geld uitgegee om die beseerde man te versorg; en hy het sy tyd aan die beseerde afgestaan (Pous Franciskus, Fratelli Tutti, nr. 63).

'n Siek samelewing is geneig om ander mense te ignoreer, om die ander pad te kyk, en verby te steek asof onbewus van die realiteit van die situasie (Pous Franciskus, Fratelli Tutti, 64). Dit is 'n teken van 'n siek samelewing waar mense, wanneer hulle iemand sien wat in ellende verkeer, sal haas om videos en foto's te neem om op sosiale media te plaas. Hulle is egter glad nie haastig om die persoon in nood te hulp te snel nie.

Ons liefde vir ons naaste kom tot uiting in die manier hoe ons ons ouers en familielede behandel wanneer hulle oud word. Wanneer ons ons bejaarde ouers in die steek laat, luister ons glad nie na ons Here wat ons vra om ons naaste net so lief te hê as wat ons vir onsself lief is nie.

## GEWETENSONDERSOEK EN MY DAAD VAN BEROU VIR HIERDIE WEEK

- Wat kan ek in die lig van ons bogenoemde meedeling in die komende week as my daad van berou doen?

## SPONTANE GEBED

Gee genoeg tyd aan diegene wat graag 'n smeekbede namens die groep wil bid. Onse Vader ... Wees gegroet Maria ...

# SLOT GEBED (BL 4-5)

# TEMA 3
# Vra die Here om ons nasie te genees van die gees van geweld asook van die sosiale trauma wat daardeur veroorsaak word

## OPENING GESANG (VASTYD GESANG)

## OPENINGSGEBED (BL 3)

## GROEPSBESPREKING: KYK NA WAT AAN DIE GEBEUR IS IN ONS LAND

By die vorige verkiesings was daar ‘n probleem met geweld en politieke sluipmoorde. Hoe lyk dinge in jou gebied, is daar ‘n moontlikheid dat sulke dinge daar kan voorkom? Is daar iets wat jou parogie of groep kan doen om verkiesingsgeweld en politieke sluipmoorde aan te spreek?

Mense kla baie oor die hoë vlakke van misdaad, dwelmmisbruik en geweld in ons land. Wat behoort daar gedoen te word om dié probleem aan te spreek?

Soms het ons ook te make met dit wat staatsgeweld en polisie brutaliteit genoem word. Dink jy dit is ‘n groot probleem in ons land? Wat behoort daar gedoen word om dié probleem aan te spreek?

Bid jou familie, sodaliteit en parogie gereeld om God te vra om ons land te genees van ‘n ingesteldheid van geweld sowel as die sosiale trauma wat ons as ‘n nasie as gevolg van al die geweld ervaar?

# GROEPSBESPREKING: KYK NA WAT AAN DIE GANG IS IN MY LEWE EN IN MY HART

(Jy kan twee of drie van die onderstaande aanhalings gebruik om wat in jou hart en lewe aan die gang is te oorpeins en daaroor na te dink. Vir elke aanhaling wat jy kies, moet jy jouself afvra: Op watter manier daag hierdie aanhaling my uit om berou te hê, my lewe te verander en terug te keer na God se barmhartigheid?)

“Die geweld wat ons in die samelewing sien begin in die hart. As ons wil hê dat daar vrede in ons families en land moet wees, dan moet ons by onsself begin. Ons is so gewoond om op ander mense se harte te fokus in plaas daarvan om op ons eie  onder oë te neem. Sonder die vermoë om die vrede wat God in ons harte geplant het te vind sal ons nooit vrede in ons families en in ons land kan bewerkstellig nie.  (Pous Franciskus 4de Desember 2018)

“Ouers moet dit in gedagte hou dat die gesin die beste plek is om die kultuur van vergifnis, vrede en versoening aan te leer.” (Pous Benedictus XVI, Africa Munus, 19 November 2011, Par. 43).

“Julle het gehoor dat aan die voorouers gesê is, ‘Jy mag nie moord pleeg nie, en wie moord pleeg, is strafbaar voor die reg. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat kwaad is vir sy broer, strafbaar voor die reg is. En wie vir sy broer sê, ‘Raka!’ (Aramees vir ‘nikswerd’) is strafbaar voor die Sanhedrin. En wie sê, ‘Jou dwaas!’ is strafbaar in Gehenna (die hel) met sy vuur.” (Matteus 5: 21-22)

“Julle het gehoor dat gesê is, ‘ ‘n oog vir ‘n oog en ‘n tand vir ‘n tand.’ Maar Ek sê vir julle dat julle nie ‘n slegte mens moet teengaan nie. Nee, as iemand jou op jou regterwang klap, draai ook die ander een vir hom.” (Matteus 5: 38-39)

# GEWETENSONDERSOEK EN MY DAAD VAN BEROU VIR HIERDIE WEEK

- Wat kan ek in die lig van ons bogenoemde meedeling in die komende week as my daad van berou doen?
- By die ondersoek van jou gewete kan jy ook eerlik daaroor nadink of jy by enige van die volgende dinge betrokke was:
- Was ek geweldadig teenoor my vrou/man/kinders
- Is ek skuldig aan emosionele geweld, voel ek altyd onseker oor myself en my posisie, is[1] ek baie jaloers op ander, probeer ek ander mense beheer en domineer, veral my man/vrou, is ek gedurig besig om hulle te verkleineer deur my woorde en dade.
- Het ek iemand verkrag.
- Was ek betrokke by aborsie.
- Was ek betrokke by skoolgeweld, plaasmoorde, geweldadige protes en plunder.

# SPONTANE GEBED

Gee genoeg tyd aan diegene wat graag ‘n smeekbede namens die groep wil bid. Onse Vader … Wees gegroet Maria …

# SLOTGEBED (BL 4-5)

# TEMA 4
# Vra die Here om ons nasie te genees van die gees van afgodery, die aanbidding van rykdom en die kultus van populistiese leiers

## OPENING GESANG (VASTYD GESANG)

## OPENINGSGEBED (BL 3)

## GROEPSBESPREKING: KYK NA WAT AAN DIE GEBEUR IS IN ONS LAND

Sommige politieke leiers se benadering tot die politiek is populisties van aard. Populisme gaan daaroor om mense tot so 'n mate te manipuleer dat hulle jou as hul leier begin aanbid. Wat is jou ervaring van die populistiese politici in ons land en in die res van die wêreld?

Mense wat so behep is met weelde en meer rykdom opgaar as wat hulle ooit in hul leeftyd sal kan gebruik en 'n afgod daarvan maak verval al te maklik in die aanbidding van rykdom, terwyl hulle die aanbidding van die ware God versaak.

Bid jou familie, sodaliteit en parogie gereeld tot God om ons land te genees van die ingesteldheid om afgode te aanbid, veral die aanbidding van rykdom en populistiese politici?

# GROEPSBESPREKING: KYK NA WAT AAN DIE GANG IS IN MY LEWE EN IN MY HART

(Jy kan twee of drie van die onderstaande aanhalings gebruik om wat in jou hart en lewe aan die gang is te oorpeins en daaroor na te dink. Vir elke aanhaling wat jy kies, moet jy jouself afvra: Op watter manier daag hierdie aanhaling my uit om berou te hê, my lewe te verander en terug te keer na God se barmhartigheid?)

"Jy mag naas My nie ander gode hê nie" (Eks 20:3).

"Die *eerste gebod* roep ons op om in God te glo, in Hom te hoop, en om Hom bo alles lief te hê. 2135 "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien" (Matt 4:10)" (Kategismus # 2134)
Afgodery bestaan daarin om dit wat nie God is nie te vergodddelik" (*Kategismus van die Katolieke Kerk*, nr. 2113).

"Dit is inderdaad so dat enigiets in 'n afgod kan verander. As Christene kan ons onsself byvoorbeeld afvra: wie is werklik my God? Is dit die Een en Drie-enige Liefde of my eie selfbeeld, my persoonlike sukses, miskien selfs in die Kerk?" (Pous Franciskus, 1ste Augustus 2018).

"Dwelms is ook afgode. Hoeveel jongmense vernietig nie hul gesondheid, selfs hul lewens, deur die dwelm afgod te aanbid nie?"(Pous Franciskus, 1ste Augustus 2018).

Wanneer politici deur populisme die skares opsweep, is dit dikwels om ons daarvan te oortuig om hulle as afgod te aanbid. Hulle word afgode wat op ons aanbidding aandring. Ons is ook geneig om supersterre en ander beroemde mense te aanbid. Pous Franciskus het by geleentheid gesê: "Die eerste gebod verklaar dat ons geen afgode mag aanbid nie. Afgode vereis aanbidding, sekere rituele: 'n mens buig jou voor hulle neer en offer alles aan hulle op. " Is daar dalk iets of iemand in my lewe aan wie ek offers bring soos ek sekere politici of glanspersoonlikhede aanbid? (Pous Franciskus, 1ste Augustus 2018).

*"Die eerste gebod verbied die aanbidding van afgode*. Afgode verslaaf

mense. Hulle belowe geluk maar maak 'n mens nooit gelukkig nie en neem al hoe meer besit van 'n mens se lewe totdat jy jouself uiteindelik daardeur vernietig." (Pous Franciskus, 1ste Augustus 2018).

Wanneer ons harte leeg voel, dink ons soms dat ons dié leemte kan vul deur dinge te koop en te besit. Soms dink ons dat alkohol en dwelms dié leemte kan vul en ons gelukkig maak. Soms dink ons dat roem, ons selfbeeld, 'n akademiese graad, 'n gesagsposisie daardie leemte kan vul. Al wat egter daardie leemte kan vul is 'n diep verhouding met God, om God met heel ons hart en al ons verstand lief te hê. Ons moet nie ons aanbidding van God vervang deur ons aanbidding van materiële dinge nie, materiële dinge sal nooit die diep leemte in ons siel kan vervul nie.

Die ware God vereis nie die lewe nie, maar gee die lewe as 'n gawe. Die ware God waarborg nie ons sukses nie, maar leer ons om lief te hê. Vandag nooi ek jou uit om 'n bietjie na te dink: hoeveel afgode is daar in jou lewe, en watter een is jou gunsteling? Die raaksien van jou eie afgode is die begin van die genadewerk in jou lewe en sit jou op die pad van liefde. Wat is jou afgod? Verwyder dit en gooi dit by die venster uit. (Matteus 5)

Die eerste gebod verbied ons heel streng om geen afgod van wat ook al te maak nie. Volgens die Bybel is 'n afgod 'n beeld war geskep is of 'n afbeelding van 'n god wat aanbid word. 'n Afgod is iets wat ons aandag aflei van ons lewende God. Dit is iets wat ons hart en passie uitlok. Iets wat ons dien en ons tyd en geld in beslag neem.
Soms neem mense nie op Sondae of verpligte feesdae deel aan die liturgie/Heilige Mis nie. Hulle bly tuis om te ontspan na 'n harde werksdag of vermoeiende week. Tog verhoed hul vermoeidheid hulle nie daarvan om sportbyeenkomste by te woon nie of na die strand, swembad, gholfbaan, restaurant en ander ontspanning venues te gaan nie. Soms kan die dinge wat ons doen wanneer ons veronderstel is om die Heilige Mis op Sondae by te woon ons afgode word.

Mense kan ook van hulle beheptheid met hulle eie 'ek' 'n afgod maak, omdat hulle hele lewe net oor hulleself gaan. Sommige voorbeelde van die "ek" afgod is 'n beheptheid met hulle eie liggaamlike plesier;

om net vir geldmaak, loopbaan en rykdom te lewe; en erge verslawings aan dobbel, sport, rekenaarspeletjies, die internet en selfs sosiale media.

## SPONTANE GEBED

Gee genoeg tyd aan diegene wat graag 'n smeekbede namens die groep wil bid. Onse Vader … Wees gegroet Maria …

## SLOTGEBED (BL 4-5)

# TEMA 5
# Vra die Here om ons nasie te genees van die gees van haat vir hulle wat anders is

## OPENING GESANG (VASTYD GESANG)

## OPENINGSGEBED (BL 3)

## GROEPSBESPREKING: KYK NA WAT AAN DIE GEBEUR IS IN ONS LAND

Sommige mense hou vol dat ons land nog steeds volgens kleurgrense verdeeld is. Dink jy dit is waar?

Wat verstaan jy onder rassisme? Wat kan gedoen word om die probleem van rassisme aan te spreek?

Benewens rassisme, is daar ook die probleem van nepotisme, van stamverband en streeksverband, waar mense voorkeur gee aan mense van hul eie stam of streek. Hoe groot is dié probleem in ons land?

Sommige glo nie dat ons land 'n probleem met xenofobie (vreemdelinghaat) het nie. Volgens hulle lê die probleem by onwettige immigrante en hulle betrokkenheid by misdaad, dwelms ens. Om daaroor besorgd te wees beteken glad nie dat jy xenofobies is nie. Wat is jou siening van dié saak?
Bid jou familie, sodaliteit en parogie gereeld dat God ons land sal genees van 'n ingesteldheid van haat vir hulle wat anders as ons is?

# GROEPSBESPREKING: KYK NA WAT AAN DIE GANG IS IN MY LEWE EN IN MY HART

(Jy kan twee of drie van die onderstaande aanhalings gebruik om wat in jou hart en lewe aan die gang is te oorpeins en daaroor na te dink. Vir elke aanhaling wat jy kies, moet jy jouself afvra: Op watter manier daag hierdie aanhaling my uit om berou te hê, my lewe te verander en terug te keer na God se barmhartigheid?)

"Julle het gehoor dat gesê is, 'Jy moet jou naaste liefhê,' en 'Jou vyand moet jy haat'. Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê en bid vir hulle wat julle vervolg." (Matteus 5: 43-44).

"En wanneer jy jou offergawe na die altaar bring en daar onthou dat jou broer iets teen jou het, laat jou offergawe net daar by die altaar en gaan versoen jou eers met jou broer, en gaan gee dan jou offergawe." (Matteus 5: 23-24)

'n Gedeelte van die haat wat ons koester teen hulle wat anders as ons is, is gebaseer op diepgewortelde vrees. Dit is egter 'n probleem wanneer vrees ons manier van dink en doen bepaal en veroorsaak dat ons onverdraagsaam en geslote raak, miskien selfs sonder dat ons daarvan bewus is (Pous Franciskus, Fratelli Tutti, no. 41).

"Ons bid tot U, o Here, dat ons die oë mag hê om die moontlikhede raak te sien as ons verder en anderkant ons vrese sou uitgaan om die hande van ons susters en broers te vat wat van ons verskil wat ras en nasionaliteit betref." (Van die VSA Katolieke Biskoppe, gebed om rasseskeiding te genees).

"Geen familie, geen rassegroep, en beslis geen nasie, het 'n toekoms as die krag wat hulle verenig en saambind en toelaat dat hulle hul verskille oorkom, berus op hul gemeenskaplike haat en wraakgevoelens teenoor diegene wat anders as hulle is nie." (Pous Franciskus, 6de September 2019)

"Here, maak my 'n instrument van vrede. Waar daar haat is, laat my liefde bring. Waar daar oortredings is, vergifnis." (Gebed van Sint Franciskus)

“As gevolg van ons eie geweldadige geskiedenis dra ons nog wonde wat nie genees het nie. Ons moet God toelaat om ons die genade en insig te gee om te herken dat die pyn waarmee ons saamleef nie uitgevee kan word deur ander seer te maak nie. Jesus vra ons om hulle wat ons seergemaak het te seën en vir hulle te bid. Met ander woorde, om oor hulle te praat met woorde wat seën bring, met woorde van die lewe en nie die dood nie, om hulle name nie as belediging of wraak uit te spreek nie, maar om ‘n nuwe vredesband met hulle aan te gaan. Dit is die hoë standaard waartoe die Meester ons roep.” (Pous Francikus, 6de September 2019)

“Tot watter berou roep God my in die keuses wat ek in die volgende situasies moet maak: steun aan politici wat haat teen vreemdelinge aanwakker; om te glo dat alle vreemdelinge vyande is wat uitgewis moet word; die skryf van boodskappe op sosiale media wat onverdraagsaamheid en geweld teen vreemdelinge aanhits.” (SAKBK Vastyd Oorpeinsings 2020)

“Tot watter berou roep God my in die volgende situasies: Ek is ‘n immigrant en betrokke by misdaad, mensehandel en dwelmverkope in my buurt.” (SAKBK Vastyd Oorpeinsings 2020)

“Die egte waarde van die verskillende lande van ons wêreld kan gemeet word aan hul vermoë om nie net as land te dink nie, maar as deel van die groter menslike familie (Pous Franciskus, Fratelli Tutti, 141).”

Ons moet bewus wees van die haat en vernietiging veldtogte wat daar op sosiale media gevoer word en die manier hoe ons dit alles sommer klakkeloos aanneem en kritiekloos verder versprei (Pous Franciskus, Fratelli Tutti 43).

In die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan sien ons hoe die liefde nie omgee van watter plek ‘n gewonde broer of suster afkomstig is nie. Die liefde breek alle boeie af en bou brûe; dit stel ons in staat om een groot familie te skep, waar ons almal kan tuis voel. Die liefde straal medelye en waardigheid uit (Pous Franciskus, Fratelli Tutti 62).

“Tot watter berou roep God my in die volgende situasies: die vrees dat ek die mag en voorregte wat ek as wit persoon geniet sal verloor, die vrees dat ek die mag en voorregte wat ek as swart persoon geniet sal verloor, die gewoonte om altyd te dink in terme van ons en hulle, die gewoonte om alles deur die lens van ras raak te sien, die skryf of meedeling van boodskappe op sosiale media wat onverdraagsaamheid en geweld aanhits teen mense wat aan ‘n ander ras as ek behoort.” (SAKBK Vastyd Oorpeinsings 2020)

## SPONTANE GEBED

Gee genoeg tyd aan diegene wat graag ‘n smeekbede namens die groep wil bid. Onse Vader … Wees gegroet Maria …

## SLOTGEBED (BL 4-5)